
# RIGLYNE OM TE VOLG DEUR MISDAADSLAGOFFERS

**Junie 2023**

Sentrum van Uitnemendheid

# LANDELIKE BEVEILIGING



AGRI SA

# INHOUD


1. Die reg om die Nasionale Vervolgingsgesag te nader met vertoë en/of klagtes **2**

2. Siviele inisiatiewe om die strafregstelsel te verbeter **5**

3. Vrywaring **8**

4. Erkenning **8**

# 1. DIE REG OM DIE NASIONALE VERVOLGINGSGESAG TE NADER MET VERTOË EN/OF KLAGTES

## 1.1 Inleiding

Die Vervolgingsgesag het die bevoegdheid om strafregtelike verrigtinge namens die staat in te stel en om enige funksies te verrig wat nodig is in verband met die instel van strafregtelike verrigtinge, asook om strafregtelike vervolgings te staak. Dit beteken dat aanklaers daar is om slagoffers van misdaad te verteenwoordig en sorg te dra dat hul regte beskerm word.

## 1.2 Handves vir slagoffers van misdaad

Die Handves beoog om te verseker dat slagoffers binne die strafprosesreg bly ten einde sekondêre viktimisasie uit te skakel, om die diensstandaarde te verduidelik wat op slagoffers van toepassing is en hulp te verleen wanneer daar nie aan sodanige standaarde voldoen word nie. Die Handves bepaal dat, indien u ’n slagoffer van misdaad is, u bepaalde regte ingevolge die reg en die Grondwet het in u kontak met die owerhede, insluitend die polisie, hofamptenare en lede van enige regeringsliggaam wat met die saak handel of wat ’n diens aan u bied. Dié regte is die volgende:

### 1.2.1 Die reg om billik behandel te word en met respek vir u waardigheid en privaatheid

- Dit sluit in die reg om spoedig en hoflik behandel te word, met respek vir u waardigheid en privaatheid.

- Die owerhede moet stappe neem om enige ongerief vir u te verminder, onder meer deur onderhoude met u te voer in die taal van u keuse en met die nodige privaatheid, indien nodig.

### 1.2.2 Die reg om tydens die strafregtelike ondersoek en verhoor inligting te verskaf

- Die owerhede moet toesien dat enige bydrae wat u tot die strafregtelike ondersoek, vervolging of parool-verhoor wil maak, tydens die besluitnemingsproses aangehoor en in ag geneem word. Dit beteken dat u die reg het om:
  - deel te neem, (indien nodig en waar moontlik) aan die proses deur die borgtogverhoor, hof- en vonnisopleggingverrigtinge of paroolraadverhoor by te woon;
  - ’n verdere verklaring by die polisie af te lê indien u meen dat die eerste verklaring onvolledig was;
  - ’n verklaring aan die hof te maak of getuienis te lewer gedurende die vonnisopleggingsverrigtinge, waar toepaslik, ten einde die uitwerking van die misdaad onder die hof se aandag te bring; en
  - skriftelik by die voorsitter van die paroolraad aansoek te doen om die parool-verhoor by te woon en om ’n skriftelike inset te lewer.

### 1.2.3 Die reg om inligting te ontvang

- U het die reg om ingelig te word oor die volgende:
  - U regte as slagoffer en hoe om dit uit te oefen, met ’n verduideliking in u eie taal waar u iets nie verstaan nie.
  - Alle tersaaklike dienste tot u beskikking.

- U kan die volgende versoek:
  - Inligting oor hofdatums, getuie-gelde en die getuie-beskermingsprogram.
  - Kennisgewing van verrigtinge wat u mag bywoon.
  - Inligting oor die stand van die saak en of die oortreder gearresteer en aangekla is, borgtog ontvang het, en skuldig bevind en gevonnis is.
  - Dat die aanklaer u werkgewer in kennis stel van enige verrigtinge wat beteken dat u van u werk afwesig sal wees.
  - Redes vir ’n besluit om te vervolg of nie te vervolg nie.

### 1.2.4 Die reg op beskerming

- U het die reg om vry te wees van intimidasie, teistering, beïnvloeding, omkopery, korrupsie en misbruik.
- As deel van hierdie reg:
  - mag die hof onder sekere omstandighede die publisering van enige inligting (byvoorbeeld u identiteit) verbied of gelas dat die saak agter geslote deure verhoor word;
  - indien u aan sekere vereistes voldoen, kan die polisie aansoek doen dat u in 'n getuie-beskermingsprogram opgeneem word; en
  - kan u die Departement van Korrektiewe Dienste vra om u in te lig indien die oortreder ontsnap of na 'n ander fasiliteit oorgeplaas word.

### 1.2.5 Die reg op bystand

- U het die reg om te versoek dat bystand aan u verleen word en, waar toepaslik, dat toegang verleen word tot beskikbare maatskaplike, gesondheid- en beradingsdienste asook regshulp volgens u behoefte. As deel hiervan:
  - sal die polisie u help deur hul prosedures te verduidelik, u in te lig oor u regte en u na die nodige diensverskaffers te verwys;
  - sal die kantoorbestuurder by die hof, indien nodig, voorsiening maak vir die dienste van 'n tolk;
  - sal die aanklaer verseker dat spesiale maatreëls getref word in die geval van seksuele oortredings, huishoudelike geweld en kinder-ondersteuning of onderhoudsaangeleenthede en dat, waar beskikbaar, sodanige sake in gespesialiseerde howe verhoor word; en
  - sal die owerhede – indien u besondere behoeftes het – alle redelike stappe neem om u te help en te verseker dat u op 'n sensitiewe wyse hanteer word.

### 1.2.6 Die reg op vergoeding

U het die reg op vergoeding weens verlies van of skade aan eiendom wat gely is as gevolg van 'n misdaad. "Vergoeding" beteken 'n bedrag geld wat 'n strafhof aan 'n slagoffer wat verlies van of skade aan eiendom gely het, toeken. Die aanklaer kan, gedurende vonnisoplegging, namens u by die hof aansoek doen vir sodanige vergoeding ingevolge artikel 300 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977). Die hof sal die aansoek oorweeg met inagneming van die omstandighede van die saak.

### 1.3. Klagtestruktuur binne die Vervolgingsgesag

- Die volgende rapporteringsprosedures is van toepassing indien u ongelukkig is met die wyse waarop 'n aanklaer u behandel het (as 'n getuie en/of klaer in 'n strafsaak) en/of waar u ontevrede is met 'n besluit wat die aanklaer geneem het, naamlik om te vervolg of nie te vervolg nie:
  - die Senior Staatsaanklaer, wat gewoonlik in die hofgebou gesetel is, is die eerste persoon wat aandag aan u probleem sal kan gee; en
  - indien u steeds nie tevrede is nie, kan die saak verwys word na die plaaslike Direkteur van Openbare Vervolgings (normaalweg by die hoë howe gesetel).

Hul kontakbesonderhede is onderskeidelik soos volg:

***DIE DIREKTEUR VAN OPENBARE VERVOLGINGS: Gauteng Plaaslike Afdeling***
***(Adv Andrew Chauke)***
***Privaatsak X8, JOHANNESBURG, 2000***

Die betrokke direkteur kan ook gekontak word by tel. (011) 220 4232 of deur middel van sy adjunk-direkteur, adv Gertrude E Market per e-pos: gemarket@npa.gov.za

***DIE DIREKTEUR VAN OPENBARE VERVOLGINGS: Gauteng Provinsiale Afdeling***
***(Adv Sibongile Mzinyathi)***
***Privaatsak X300, PRETORIA, 0001***

Die betrokke direkteur kan ook gekontak word by tel. (012) 351 6700 of deur middel van sy adjunk-direkteur, adv Ester Kabine per e-pos: Ekabini@npa.gov.za

***DIE DIREKTEUR VAN OPENBARE VERVOLGINGS: Bloemfontein***
***(Adv Navilla Somaru)***
***Privaatsak X20506, BLOEMFONTEIN, 9300***

Die betrokke direkteur kan ook gekontak word by tel. (051) 410 6000 of per e-pos: FIGambushe@npa.gov.za

***DIE DIREKTEUR VAN OPENBARE VERVOLGINGS: Kimberley***
***(Mnr Livingstone Sakata)***
***Privaatsak X5037, KIMBERLEY, 8300***

Die betrokke direkteur kan ook gekontak word by tel. (053) 807 4557 of deur middel van sy adjunk-direkteur, adv Tania Birch per e-pos: TTBirch@npa.gov.za

***DIE DIREKTEUR VAN OPENBARE VERVOLGINGS: Pietermaritzburg***
***(Adv Elaine Zungu)***
***Privaatsak X9008, PIETERMARITZBURG, 3200***

Die betrokke direkteur kan gekontak word by tel. (033) 845 4400 of per e-pos: ESmit@npa.gov.za / dpppmbhighcourt@npa.gov.za

***DIE DIREKTEUR VAN OPENBARE VERVOLGINGS: Grahamstad***
***(Mnr Barry Madolo)***
***Privaatsak X1009, GRAHAMSTAD, 6140***

Die betrokke direkteur kan ook gekontak word by tel. (046) 602 3000/1 of deur middel van sy adjunk-direkteur, adv Nicola Turner per e-pos: NCTurner@npa.gov.za

***DIE DIREKTEUR VAN OPENBARE VERVOLGINGS: Mthatha***
***(Mnr Barry Madolo)***
***Privaatsak X5019, MTHATA, 5099***

Die betrokke direkteur kan ook gekontak word by tel. (047) 501 2655 of per e-pos: MJBrits@npa.gov.za

***DIE DIREKTEUR VAN OPENBARE VERVOLGINGS: Kaapstad***
***(Adv Nicolette Bell)***
***Privaatsak X9003, KAAPSTAD, 8000***

Die betrokke direkteur kan ook gekontak word by tel. (021) 487 7000 of per e-pos: CClerk@npa.gov.za / MBlows@npa.gov.za

***DIE DIREKTEUR VAN OPENBARE VERVOLGINGS: Mmabatho***
***(Adv Matodzi Rachel Makhari-Sekhaolelo)***
***Privaatsak X2009, MMABATHO, 2790***

Die betrokke direkteur kan ook gekontak word by tel. (018) 381 9000 of deur middel van haar adjunk-direkteur, adv Tembeka Mbadu per e-pos: tmbadu@npa.gov.za

***DIE DIREKTEUR VAN OPENBARE VERVOLGINGS: Limpopo***
***(Adv Ivy Thenga)***
***Privaatsak X9693, POLOKWANE, 0700***

Die betrokke direkteur kan ook gekontak word by tel. (015) 045 0274 9000 of deur middel van haar adjunk-direkteur, adv Adam Mohlala per e-pos: amohlala@npa.gov.za

***DIE DIREKTEUR VAN OPENBARE VERVOLGINGS: Nelspruit***
***(Adv Nkebe Kanyane)***
***Privaatsak X11266, NELSPRUIT, 1200***

Die betrokke direkteur kan ook gekontak word by tel. (013) 752 6944 of per e-pos: sldlamini@npa.gov.za

### 1.4. Klagtes by die kantoor van die nasionale direkteur van openbare vervolgings

Indien u steeds ontevrede is met die besluit van die betrokke direkteur se kantoor, kan u die klagte of vertoë verwys na die kantoor van die adjunk- nasionale direkteur van Openbare Vervolgings, adv Rodney de Kock. Dit behoort die laaste uitweg te wees om met 'n klagte te handel nadat alle vorige stappe nie daarin kon slaag om die probleem op te los nie.

Klagtes en/of vertoë kan verwys word vir aandag van advokaat T Matzke by die Nasionale Vervolgingsgesag van Suid-Afrika, Privaatsak X752, PRETORIA, 0001.

Advokaat Matzke kan ook gekontak word per e-pos: repsadmin@npa.gov.za.

## 2. SIVIELE INISIATIEWE OM DIE STRAFREGSTELSEL TE VERBETER

### 2.1 Inleiding

Dié gedeelte handel oor die verbetering van die kriminele strafregstelsel deur die bevordering van die regte van slagoffers van misdaad. Onderstaande riglyne kan deur slagoffers gevolg word in hul interaksie met die strafregstelsel.

### 2.2 Skriftelike kommunikasie

Dit is belangrik om te onthou dat alle interaksies met lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) deel vorm van 'n rekord wat van belang kan wees wanneer dinge skeefloop of wanneer daar teenstrydige weergawes van 'n spesifieke voorval is. Meeste mense loop die risiko dat hul geheue van die presiese besonderhede van 'n voorval hulle in die steek kan laat wanneer hulle moet getuig, 'n klag moet formuleer of betwis, of met onakkurate bewerings oor 'n spesifieke voorval gekonfronteer word.

Om hierdie probleem aan te spreek, is dit belangrik om die gewoonte te kweek om 'n skriftelike rekord van alle kommunikasie te hou deur:

- Boodskappe op WhatsApp, Telegram en ander sosiale media platforms te tik en om interaksies met persone met wie jy gekommunikeer het te bewaar. 'n Rits boodskappe tesame met datums en tye sal help om 'n akkurate rekonstruksie van historiese inligting saam te stel.

- Per e-pos te korrespondeer en, in gevalle waar daar min of geen samewerking is nie, deur die kontakbesonderhede van die persone van 'n hoër rang by die stasie of in die kluster of provinsiale kantoor te bepaal, en dit dan by die korrespondensie in te sluit. Teken die feite en gebeure akkuraat aan in kronologiese volgorde en meld die basis van jou klagte of die optrede wat jy verlang.

- Wanneer kommunikasie telefonies plaasvind, 'n skriftelike rekord van die inhoud van die bespreking te hou en dan sodanige inhoud aan die persoon met wie u die gesprek gehad het te stuur. Die onus sal op sodanige persoon berus om die inhoud te lees en die akkuraatheid daarvan te verifieer. Indien die inhoud nie betwis word nie, sal die betrokke inligting, vir doeleindes van toekomstige verwysing, as onbetwis beskou word. Jou geheue laat jou in die steek en waar oneerlikheid ter sprake is, kan 'n oneerlike party tot sodanige interaksie eenvoudig ontken dat dit plaasgevind het, tensy 'n behoorlike rekord daarvan beskikbaar is.

### 2.3 Aanmelding van korrupsie

Daar behoort meer gebruik gemaak te word van artikel 34 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Aktiwiteite, Wet 12 van 2004.

Die bepaling plaas 'n statutêre plig op persone met gesag wat weet, redelikerwys moes geweet het, of vermoed het dat 'n persoon korrupsie of diefstal, bedrog, afpersing, vervalsing of vervalsing van 'n dokument met betrekking tot R100 000 (honderdduisend rand) of meer gepleeg het of versuim het om sodanige misdryf by die polisie of die Direktoraat van Prioriteitsmisdaadondersoeke ("die Valke") aan te meld. Versuim namens die persoon op wie 'n plig berus om aan te meld, sal neerkom op 'n statutêre kriminele oortreding.

Die bepaling verbied of verhinder nie 'n persoon om sodanige misdade aan "persone wat gesag het" te rapporteer nie. Daar word voorgestel dat enige persoon wat kennis dra van, of wat geloofwaardige inligting bekom dat korrupsie of enige van die ander misdade waarna hierbo verwys word, betrokke is en wat die waarde waarna hierbo verwys word, oorskry, gebruik maak van hierdie bepaling om misdaad aan te meld.

Daar word verder voorgestel dat enige aangeleentheid waarby sulke misdade betrokke is, direk by die Valke aangemeld word in die formaat van 'n verklaring of beëdigde verklaring en waarby alle stawende dokumente aangeheg is.

Die belangrikste vereiste is dat 'n verslag rakende hierdie misdade gepaard moet gaan met die voltooiing van die statutêr-voorgeskrewe klagtevorm deur die Valke of die persoon aan wie die saak gerapporteer word. 'n Afskrif van die klagte moet bewaar word en 'n skriftelike erkenning van die klagte op die statutêr-voorgeskrewe vorm (afsonderlike dokument) moet verkry word van die persoon aan wie die verslag gerig is en moet behou word vir toekomstige verwysing.

Die persoon aan wie die verslag gerig is, word onder dieselfde statutêre plig geplaas om die klagte te ondersoek, en gebrek aan optrede of versuim om ondersoek in te stel sonder 'n baie grondige rede kan aanleiding gee tot 'n aanklag teen sodanige persoon ingevolge artikel 34 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Aktiwiteite, Wet 12 van 2004.

Die doel is om te verseker dat korrupsie ondersoek word en om enige van die gewone vertragings en verskonings te verminder waarom sake wat aangemeld word nie die nodige aandag kry nie.

**2.4 Verklarende bevele**

Waar die vertolking van die wet of die toepassing daarvan in 'n spesifieke stel omstandighede of feite teenstrydig is, kan sodanige teenstrydigheid aangespreek word deur die hof te nader vir uitklaring deur middel van 'n verklarende bevel. Die howe het diskresie om só 'n bevel toe te staan. Voordat die hof egter genader word vir sodanige bevel, moet daar 'n werklike dispuut tussen die partye bestaan wat slegs opgelos kan word deur aansoek te doen vir 'n verklarende bevel.

Benewens enige verklarende bevel soos voorgeskryf in artikel 172(1), bepaal die Grondwet van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, dat 'n hof wat beslis oor 'n grondwetlike saak enige wet of optrede wat strydig met die Grondwet is, as ongeldig moet verklaar tot die mate van sodanige teenstrydigheid. Hierdie is 'n spesiale en uitdruklike regsmiddel om wetgewing sowel as optrede wat teenstrydig met die Grondwet is, aan te spreek.

**2.5 Interdikte en hofbevele**

'n Interdik of hofbevel kan verkry word om sekere onwettige of onwetlike optrede te verhoed of te voorkom, of om 'n party te beveel om iets te doen wat deel vorm van die wetlike plig of om nakoming van enige reg van 'n persoon wat aansoek doen vir sodanige bevel, af te dwing. Die staat kan ook gedwing word om 'n plig ingevolge die wet na te kom deur middel van wat bekend staan as 'n *mandamus*.

**2.6 Regspraak**

Uitsprake deur ons howe is waardevol wanneer hulle duidelikheid verskaf oor die vertolking en praktiese toepassing van die wet. Uitsprake deur die Hoërhowe, die Hoërhof van Appèl en die Konstitusionele Hof skep presedente wat ander howe verplig om te volg of wat hulle moet oorweeg in enige toekomstige beredenering.

In die geval van regsake waarby die strafregstelsel en veiligheid pertinent betrokke is, kan die aanwending van kollektiewe hulpbronne om 'n gunstige uitkoms in die formaat van 'n presedent-skeppende uitspraak te kry 'n waardevolle instrument wees om vir eens en altyd 'n saak van algemene belang uit te klaar en om regsekerheid te verkry vir doeleindes van toekomstige afdwinging van uitgeklaarde regte.

**2.7 Formele klagtes vir wangedrag buite die bestek van die mandaat van die Onafhanklike Polisie-Ondersoek Direktoraat (IPID)**

Die direktoraat het 'n algemene mandaat om die volgende te ondersoek:

- Enige sterftes in polisie-aanhouding;
- Sterftes as gevolg van polisie-optrede;
- Enige klagte met betrekking tot die afvuur van 'n amptelike vuurwapen deur enige polisiebeampte;
- Verkragting deur 'n polisiebeampte, ongeag of die polisiebeampte aan of af van diens was;
- Verkragting van enige persoon terwyl daardie persoon in polisie-aanhouding is;
- Enige klagte rakende marteling of aanranding deur 'n polisiebeampte in die uitvoering van sy of haar pligte;
- Korrupsiesake binne die polisie wat geïnisieer word deur die uitvoerende direkteur op sy of haar eie, of nadat 'n klagte ontvang was van 'n lid van die publiek, of verwys is na die direktoraat deur die minister, 'n LUR of die sekretaris, wat ook al die geval mag wees; en
- Enige ander saak wat na hom verwys word as gevolg van 'n besluit deur die uitvoerende direkteur, of indien dit op die voorgeskrewe wyse versoek word deur die minister, 'n LUR of die sekretaris, wat ookal die geval is.

Enige wangedrag, soos hierbo na verwys, moet aan die IPID gerapporteer word, maar dit beteken nie dat formele klagtes ten opsigte van ander optrede of gebrek aan optrede wat as wangedrag geag kan word, nie ook gerapporteer mag word aan die plaaslike stasiebevelvoerder, die distriksbevelvoerder, of die provinsiale kommissaris nie.

Enige formele klagtes met betrekking tot die gedrag van 'n polisiebeampte moet dienooreenkomstig by beamptes met 'n hoër rang binne die SAPD-strukture aangemeld word.

**2.8 *Nolle Prosequi*-sertifikaat**

Die Direktoraat vir Openbare Vervolging is daarvoor verantwoordelik om leierskap te voorsien met die voorbereiding van polisiedokumente en om te verseker dat alle bewyse ingesamel word om te kan besluit of 'n saak vervolg moet word of wanneer 'n saak gereed is vir die hof.

Wanneer daar geen vordering met 'n saak gemaak word nie of wanneer daar onverklaarbare vertragings in die vordering met die ondersoek is, kan dit waardevol wees om 'n versoek aan die provinsiale hoof van die Direktoraat van Openbare Vervolging te rig met verwysing na die saak/hofnommer om 'n *Nolle Prosequi*-sertifikaat uit te reik wat siviele vervolging moontlik sal maak.

Die doel moet nie noodwendig wees om die sertifikaat te bekom nie, maar eerder om die dokument deur 'n meer senior regsbeampte te laat hersien en te verseker dat die invloed van potensiële plaaslike botsing van belange nie die rede is vir 'n versuim om 'n ondersoek te finaliseer of om op onbevange wyse met 'n vervolging voort te gaan nie.

**2.9 Veranderings aan beleid en direktiewe wat daarop gerig is om wetstoepassing te verbeter**

Wetgewing, beleid en die wyse waarop dit toegepas word in die praktyk, mag probleme veroorsaak wanneer daar sommige spreekwoordelike grysareas of areas van onsekerheid bestaan wat polisiebeamptes aan siviele eise kan blootstel indien hulle verkeerd of onwettig optree in reaksie op misdaad.

Om dié rede moet daar insette gelewer word oor aanvaarde, ontwikkelde en ontwikkelende wetgewing en beleid om te verseker dat grysareas vermy of aangespreek word. Belangegroepe soos Agri SA en sy lede-organisasies kan 'n waardevolle rol speel om grysareas in wetgewing en beleid te voorkom of aan te spreek.

### 2.10 Siviele eise

Siviele eise vir skade as gevolg van onregmatige arrestasie/aanhouding, ander magsmisbruik of ’n versuim om ooreenkomstig ’n grondwetlike of statutêre plig op te tree, is ’n reaktiewe maatreël om aanspreeklikheid namens wetstoepassingsagentskappe af te dwing. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die Grondwet ’n ewewigtige plig op die polisie plaas om misdaad te voorkom, te bekamp en te ondersoek.

Siviele eise skep presedente in uitsprake soos hierbo uiteengesit en kan help met die ontwikkeling van die wet en dien as afskrikmiddel vir sekere magsmisbruik. Dit kan ook uiters waardevol wees om die wetlike pligte van wetstoepassingsagentskappe, veral in sekere omstandighede, te definieer en terselfdertyd ook sodanige agentskappe te bemagtig met ’n beter begrip van hul eie optrede en verpligtinge vir toekomstige verwysing in soortgelyke omstandighede.

### 2.11 Opdragte vir bywoning van hofverrigtinge

Hierdie het ’n goeie en belangrike meganisme geword vir slagoffers van misdaad en ander belanghebbendes om toesig en regstreekse beheer oor verrigtinge in die kriminele hof te bewerkstellig. ’n Ingeligte persoon of regspraktisyn woon die hofverrigtinge by om te verseker dat die proses en aanbieding van die staat se saak behoorlik verloop. Die voordele van hierdie proses kan soos volg opgesom word:

- Beheer oor verrigtinge en aanvulling van die staat se saak, waar nodig;
- Druk word uitgeoefen op die SAPD en die aanklaers om hul funksies behoorlik uit te voer;
- Monitering van bewyse en getuienis vir doeleindes van toekomstige siviele eise;
- Ondersteuning (morele en kundige) vir slagoffers van misdaad;
- Bestuur van openbare menings en persepsies; en
- Verkryging van eerstehandse inligting.

## 3. VRYWARING

Alhoewel alle moontlike sorg toegepas is om die korrektheid van die inligting wat in die dokument uiteengesit is te verseker, waarborg Agri SA nie die korrektheid van die inligting nie, en word Agri SA gevrywaar van enige aanspreeklikheid rondom die inligting hierin vervat.

Die inligting in die dokument moet nie as regsadvies beskou word nie maar voorsien slegs breë riglyne wat as agtergrond gebruik kan word. Indien meer besonderhede verlang word of indien daar twyfel bestaan by die lid oor die gepaste optrede, moet die lid sy regsverteenwoordiger daaroor raadpleeg.

## 4. ERKENNING

Erkenning word vir die volgende bydraes gegee:

- Nasionale Vervolgingsgesag (NVG), Pretoria.
- Die Dienshandves vir slagoffers van misdaad.
- Moolman & Pienaar Prokureurs Ingelyf, Potchefstroom.